

HOE VOEL ONS OOR AFRIKAANS?

Met die herrie oor hare in sommige skole, en die debat oor Afrikaans as akademiese taal, is dit dalk nodig dat ons moet seker maak hoe belangrik Afrikaans, en die waardes wat daarmee gepaard gaan, werklik vir ons is.

Dat Afrikaans ons moedertaal is, en dit die taal is waarin ons droom en leef, is 'n gegewe, en juis daarom kan ons beslis nie ligtelik daarmee omgaan nie. In hierdie reënboogland het baie van ons amper verskonend begin raak oor ons herkoms en spesifiek oor ons taal. Dis egter nou die tyd om op te hou verskonings maak en ons taalerfenis met trots te bewaar en uit te dra. Daar is so min wat ons regtig ons eie kan noem, en daarom mag Afrikaans nooit degradeer word tot net nog 'n herinnering uit die verlede nie.

Engels is beslis die algemeen aanvaarde akademiese taal, en om aan te dring op Afrikaans as akademiese taal sal beslis nie die voortbestaan van die taal waarborg nie. Die behoud van Afrikaans is 'n saak van die hart, en die taal sal bly voortbestaan as almal wat dit praat trots Afrikaans is, en dit so suiwer moontlik praat.

Framesby is 'n Afrikaans-medium skool en TROTS daarop. Ons beskou onsself egter nie as eksklusief of spesiaal nie, maar ons weet dat die waardes wat ons saam met ons trots in ons taal ervaar, ons baie spesiaal maak!

WEER TYD VIR 'N "MUSICAL"

Sedert 2011 bied Framesby elke 2 jaar 'n Revue aan, en hierdie tradisie sal beslis bly, maar vanjaar, met ons 50-jarige feesviering, bring ons die musiekblyspel, *Footloose* op die planke.

'n Klompie jare gelede is musiekblyspele soos *Grease* en *Fame* met groot sukses aangebied, en alles dui daarop dat *Footloose* die beste ooit gaan wees.

Die produksie word op 12, 13 en 14 Oktober in die Savoy-teater aangebied. Kaartjies is vanaf volgende week by die Algemene Kantoor beskikbaar.



Footloosers hard aan die oefen!

Kaartjies:
12 en 13 Oktober: R60
Gla-aand: 14 Oktober: R80

Krieket

Steakbraai

16 September

Pawiljoensaal

19:00

Koste: R120 p.p.

Kaartjies by die
Algemene Kantoor

VERJAARDAE WERDIE WEEK

Saterdag

Jodi Cilliers 9E
Zander Deysel 11A
Cornelius Greeff 8F
Divan Meyer 10B

Sondag

Leah Blom 10D
Annel Gerber 12F
Almarize Kleu 12G
Zane Smit 9G

Maandag

Sebastian Brandt 9E

Dinsdag

Micaela Kotze 10A
Heilencia-Wilanie van Zyl 12E

Woensdag

Izak Steyn 8C

Donderdag

Andria Truter 12B
Tristan Weyers 10E

Vrydag

Charné Barnard 10B
Celesté Heeres 8G
Vicky van der Merwe 11A
Savannah Zeeman 11F

AKADEMIE IS NOU BAAS!

Die akademiese program vir die derde kwartaal word hierdie week afgesluit wanneer die Toetsreeks op Donderdag begin. Die Graad 12's is reeds ver gevorder in die Voorbereidende Eksamen, en die rooster wat voorlê is maar taai.

Die Toetsreeks is nie 'n mini-eksamen nie, maar is bloot 'n geleentheid wat geskep word sodat die formele toetse wat deur die Kurrikulum-verklaring voorgeskryf word, afgehandel kan word. In sommige vakke word daar geen toetse voorgeskryf nie, en word die kwartaalpunt bereken op grond van ander voorgeskrewe assesseringsaktiwiteite. Die meeste vakke sal egter 'n toets in hierdie reeks skryf.

Aangesien Framesby 'n baie hoë prioriteit plaas op kwaliteit onderrigtyd, het ons die afgelope paar jaar tot die laaste skooldag van die kwartaal eksamen of toetse geskryf. Op Departementele aandrang is die Toetsreeks vervroeg sodat punte-ontledings en punteskedules op 30 September by die departement ingehandig kan word. Die Toetsreeks word egter steeds oor 'n tydperk van 7 dae geskryf, met twee skryfsessies op elke dag. Dit bring uiteraard mee dat die meeste leerders amper elke dag 'n toets sal skryf. Dit geld veral vir die senior leerders in die VOO-fase.

Die reëlins vir die toetsreeks is as volg:

In die gevalle waar 'n leerder nie in 'n bepaalde sessie skryf nie, mag daardie leerder tuis studeer. Wanneer 'n leerder egter tydens die eerste sessie skryf, moet daardie leerder om 07:40 by die skool aanmeld. Die eerste sessie sal tot 10:05 duur, waarna daar 'n pouse sal wees en leerders wat nie die tweede sessie skryf nie, huis-toe kan gaan. Die tweede sessie begin om 10:30 en duur tot 13:00. Almal wat tydens hierdie sessie skryf, moet om 10:30 by die onderskeie skryflokale aanmeld.

In gevalle van afwesigheid MOET die Algemene Kantoor geskakel word, en 'n Mediese Sertifikaat ingehandig word sodra die leerder weer by die skool is. Afwesigheid skep 'n groot probleem en kan daartoe lei dat die leerder 'n Onvoltooid ontvang, beslis in die geval van afwesigheid sonder 'n **geldige** verskoning.

Die vergunning om tuis te studeer word gemaak op die voorwaarde dat leerders nie voor 13:00 hul huise verlaat nie. Sou ouers verkies dat hul kinders by die skool studeer, moet sodanige ouers die betrokke Graad-hoof asseblief in kennis stel sodat die nodige reëlins getref kan word. In gevalle van die oortreding van skool-reëlins sal hierdie vergunning die leerder ontnem word, en MOET daardie betrokke leerders by die skool kom studeer. 'n Afsonderlike lokaal sal vir hierdie doel ingerig word.

Die belangrikheid van goeie akademiese beplanning:

Die derde kwartaal is vir alle praktiese doeleindes verby. Vir die Graad 10's, 11's en 12's sal die eindeksamen op Maandag 24 Oktober (behalwe vir Gr. 12 IT en CAT-prakties) in aanvang neem. Dit is 'n skamele TWEE weke na die vakansie. Die Graad 8's en 9's sal 10 dae later met hul eindeksamen begin. Die finale eksamen-rooster vir alle Grade sal voor die vakansie beskikbaar wees.

Met so min tyd tot hul beskikking, is dit uiters noodsaaklik dat elke leerder 'n weldeurdragte studierooster moet uitwerk, en getrou daarby moet hou. Dis nooit te laat om te begin nie, selfs al lyk die vooruitsigte hoe donker. Die opkomende vakansie MOET deur veral ons senior leerders benut word as 'n wonderlike geleentheid om hersiening te doen en doelgerig en planmatig te begin voorberei. Waar hulpprogramme deur onderwysers aangebied word, moet leerders die geleentheid aangryp. Ou vraestelle moet deurgewerk word en mikpunte moet gestel en nagestreef word. Baie sterkte!

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK

Saterdag 10 September	Sondag 11 September	Maandag 12 September	Dinsdag 13 September	Woensdag 14 September	Donderdag 15 September	Vrydag 16 September
Krieket: Pearson-fees	Muurbal: OP- oorbrugging	Dag 1 Gr. 12 Eksamen	Dag 2 Gr. 12 Eksamen	Dag 3 Gr. 12 Eksamen	Toetsreeks begin Gr. 12 Eksamen	Toetsreek Gr. 12 Eksamen KRIEKET STEAKBRAAI

FRAMESBY IS TROTS OP

SARU TREK AFRIGTER NADER

Die feit dat ons eerste rugbyspan vanjaar nie heeltemal aan die verwagtinge voldoen het nie, kan beslis nie aan swak afrigting toegeskryf word nie. Dit is so pas weer onderstreep deur die Suid-Afrikaanse Rugby-unie (SARU), wat mnr. Louis Gerber aangestel het as een van die afrigters wat tydens die September-vakansie met die Elite-groep O/16- en O/17-rugbyspelers, wat deur SARU geïdentifiseer is, te werk en hulle bloot te stel aan die beste afrigters in die land. Al hierdie spelers word beskou as potensiële toekomstige Springbokke.



Framesby is ongelooflik bevoorreg om 'n afrigter van die gehalte van mnr. Gerber in sy geledere te hê, en hierdie erkenning deur SARU is 'n bewys van die hoë aansien wat hy binne die nasionale rugby-gemeenskap geniet. Onder sy leiding het Framesby die laaste paar jaar 'n vars benadering tot veral die ontwikkeling van ons junior spelers begin volg, en is spesialis-afrigters soos mnre. Reynders Barnard, Jeremy Petit en Cameron Jacobs by ons spanne betrek om saam met ons personeel-afrigters junior rugby tot nuwe hoogtes te neem, wat hulle baie goed reggekry het!

Mnr. Gerber is die mees suksesvolle afrigter ooit by OP-skole, deurdadig die 2014 en 2015-Cravenweekspanne beide onder sy afrigting in die hoofwedstryd betrokke was, en die 2014-span die Cravenweek "gewen" het. Hy is tans 'n hulpafrigter by die O/19-Curriebekerspan van die OP Kings.

Ons is baie trots op jou, mnr. Gerber! Mag hierdie prestasie die begin wees van nog groter dinge!

SOMERSPORTE AL WEER VOLUIT AAN DIE GANG!

Vir baie van ons leerders is daar maar min blaaskans wanneer dit by sport kom. Oor die jare was dit nog maar altyd die tendens da tans staatmaker-leerders omtrent almal aan beide 'n somer- en 'n wintersport deelneem. Intussen oorleuel die verskillende seisoen meer en meer en is daar maar min tyd om net bietjie rustig te raak.

Ons atlete het pas 'n uiters suksesvolle kliniek hier by die skool deurloop, en oefen hulle met GROOT entoesiasme vir die seisoen wat voorlê. Dis regtig 'n pragtige gesig om die veld so vol ywerige atlete te sien! Die byeenkomste skop ook eersdaags af, met 'n paar grotes, onder andere in Cradock en Bloemfontein, wat voorlê. Baie sterkte aan al ons atlete, en baie dankie aan al ons toegewyde afrigters!

Op die krieketveld is ons ook fluks aan die gang. Die eerstespan het gister reeds begin speel in die Pearson-fee. Hierdie toernooi word vandag en môre voortgesit met al ons wedstryde op ons eie krieketveld. Baie sterkte aan al ons spelers. Mag julle baie suksesvol wees hierdie naweek en 'n wonderlike seisoen beleef! Baie dankie ook aan al ons krieketafrigters, in besonder mnre. De Villiers en Meyer wat wonderlike werk by ons eerstespan doen.

TOETSREEKS-ROOSTER VOLGENDE WEEK

	Skryfsessie	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11
Donderdag 15 September	1 (07:40 – 10:05)	Wiskunde	Sosiale Wetenskappe	Wiskunde Wisk. Gelett.	Lewenswetenskappe
	2 (10:30 – 13:00)		Sosiale Wetenskappe		IGO
Vrydag 16 September	1 (07:40 – 10:05)	EBW	Wiskunde	English	Afrikaans
	2 (10:30 – 13:00)			Besigheidstudies	Verbruikerstudie

ALGEMEEN EN

SIELSKOS

CHRISTUS VRA MEER AS BEWONDERING

Dit is moontlik dat 'n mens deur Christus aangespreek kan word, maar dat jy tog nie die moed het om jou met oortuiging met Hom te vereenselwig en Hom te volg nie.

So was dit met Nikodemus die Fariseër. Ons lees in Johannes 3 dat hy Jesus in die nag besoek het, en in Johannes 19 blyk dit dat hy na Jesus se dood bereid was om behulpsaam te wees met sy begrafnis. Op een of ander manier is hy dus wel deur Jesus geboei en hy kon nie help om daarvan blyke te gee nie. Maar hy het nie kans gesien om openlik vir Jesus te kies nie. Die Deense wysgeerteoloog Søren Kierkegaard het hieroor 'n aantal aangrypende opmerkings gemaak. Hy teken Nikodemus as iemand wat Jesus bewonder het, maar tog nie bereid was om Hom te volg nie. Hy stel hom voor dat Nikodemus vir Jesus kon gesê het: "As ons daarvoor kan ooreenkom, wil ek u leer met die oog op die ewige lewe aanneem. Maar hier, in hierdie wêreld, kan ek nie. Kan u nie vir my 'n uitsondering maak, sodat dit voldoende sal wees as ek so tussen-deur in die nag na u toe kom, sonder dat ek my in die daglik met u hoef te vereenselwig nie?" Ongetwyfeld, sê hy, sou Nikodemus graag met klem getuig het hoe hoog hy Jesus aanslaan, en hy sou by elke geleentheid nog sterker en met meer klem betuig het dat daar niks is wat hy so hoog ag as die waarheid van Jesus se leer nie. Maar wat hy nie gemerk het nie, is dat juis sulke kragtige betuiginge in hulle teendeel omslaan en 'n aanklag vorm teen die een wat hulle uitspreek, as hulle nie bevestig word deur 'n lewensverandering en gehoorsaamheid aan die waarheid nie. Christus wil nie net bewonder word nie. Hy wil nagevolg word. As Christus bereid sou gewees het om 'n kategorie van dissipels te hê wat Hom maar net kan bewonder en verklaar hoe hoog hulle Homself en sy leer aanslaan, sonder egter dat hulle eie lewe daardeur verander, sou nie net Nikodemus nie, maar ook die Ryk Jongman en alle andere wat Hom voorwaardelik wou volg, sy dissipels kon gewees het.

Maar dit werk nie so nie. Wie dink dat 'n mens Jesus op 'n afstand kan volg, maar sorgvuldig daarteen kan waak dat dit jou nie te veel kos nie, het nog nooit verstaan wat egte dissipelskap is nie. Jesus vra nie van ons 'n redelike mate van belangstelling, 'n gevoeligheid vir godsdienstige dinge, 'n simpatieke oor vir die evangelie en die bereidheid om binne aanvaarbare grense vir die goeie te wees nie. Jesus vra ons hart. Hy roep mense om Hom te volg al kos dit ook die hoogste prys. Want as dit werklik om die waarheid gaan, is net volkome oorgawe goed genoeg. Daarom het egte dissipelskap altyd te make met die afskeid van ons ou self, dit is: die verloëning en doding van ons ou self. Dit is verraad aan die Christendom om dit gelyk te stel met 'n bietjie godsdienstigheid en moraliteit wat nie te veel van ons moet vra nie. Christenskap is ongekwalifiseerde bereidheid om Jesus te volg, waar Hy ook lei.

Uit *Die Burger*, 18 Oktober 1998

GRATIS VIOLLESSE

Vanaf die vierde kwartaal sal daar gratis vioollesse aangebied word vir belangstellende Graad 8 of -9 leerders in Hoërskool Framesby.



Graad 7-leerders wat reeds by Framesby ingeskryf is, en wat beoog om volgende jaar musiek as vak te neem, is ook welkom.

Die lesse sal op Vrydae vanaf 14:30 tot 15:00 aangebied word, en sal in die vorm van 'n groepklas geskied.

Leerders hoef nie hul eie instrument te besit nie. Die skool verhuur teen R300 per kwartaal.

Indien 'n leerder van hierdie geleentheid gebruik wil maak, moet hy/sy bereid wees om vir minstens EEN kwartaal deel te neem. Daar is slegs 'n beperkte aantal plekke beskikbaar.

Belangstellendes kan mej. Roodt kontak.

*Moenie hierdie geleentheid
misloop nie!*

GR. 12-EKSAMEN VOLGENDE WEEK

Die Matrieks is nou voluit aan die gang met die Voorbereidende Eksamen en volgende week sal baie hoë eise stel! Die week daarna is net so besig, en ons dink aan julle in ons gebede! Baie sterkte aan al ons matrieks!

	09:00	14:00
Maandag 12 September	Fisiese Wetenskappe V2	Musiek V1
Dinsdag 13 September		
Woensdag 14 September	Geografie V1	Geografie V2
Donderdag 15 September	Verbruikerstudie	
Vrydag 9 September	Wiskunde V1 Wisk. Gelett. V1	Musiek V2